

Saligheid/ Redding



Johannes 14:6

Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.



Vers om te memoriseer...

Efesiërs 2:8-9

⁸Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; ⁹nie uit die werke nie,



Wat het gebeur toe ek die Here aangeneem het as my persoonlike Verlosser?

Johannes 14:6

Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

Efesiërs 2:8-9

⁸Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; ⁹nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.

Jou besluit om die Here aan te neem as jou persoonlike verlosser is die belangrikste besluit wat jy in jou lewe kan neem! Nogtans is daar seker baie vra wat jy nog het omtrent die omvang van jou besluit. Die doelwit van hierdie les is om kortliks te verduidelik wat plaasgevind het en hoe jou besluit jou verhouding met God verander het.



Die hele mensdom na Adam is gebore as sondaars



Romeine 5:12 verduidelik dat ons ons sondige natuur van Adam oorgeërf het.
(Sien ook 1 Korintiërs 15:22)

Romeine 5:12

“DAAROM, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het”



Romeine 6:23 verklaar dat as gevolg van jou sonde is jy ter dood veroordeel.

Romeine 6:23

“Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.”



Wanneer jy jou geloof in die Jesus Christus geplaas het as jou persoonlike Verlosser, het God jou as kind aangeneem.

Johannes 1:12-13

¹²Maar almal wat Hom aangeneem het (jou besluit om Jesus te vertrou as jou Verlosser), aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word (jou aanvaarding in God se familie), aan hulle wat in sy Naam glo; ¹³wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.



Net fisiese geboorte jou deel van jou aardse familie maak, word jy aangeneem in God se familie deur jou nuwe geestelike geboorte!

Johannes 3:3

“...Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.”

2 Korinthiërs 5:17-18

¹⁷“Daarom, as iemand in Christus is, is hy ’n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. ¹⁸En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus...”

 As gevolg van jou nuwe geestelike geboorte, ontvang jy ook die ewige lewe. Johannes 6:47 “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe.”

1 Johannes 5:12 “Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.”



Die oomblik wat jy ‘n kind van die Here geword het, het God se verhouding met jou ook verander!

 Nou dat jy gered is sal God jou nie meer behandel as ‘n sondaar nie, maar as Sy kind!

 Hierdie nuwe verhouding word geïllustreer deur ‘n verhouding tussen ‘n aardse pa en sy kind. Byvoorbeeld:

✓ ‘n Goeie pa het sy kind lief en sorg vir sy kind.

1 Petrus 5:7 “Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.”

✓ ‘n Goeie pa beskerm sy kind.

Johannes 10:28-30 “²⁸En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. ²⁹My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie. ³⁰Ek en die Vader is een.”

✓ ‘n Goeie pa voorsien aan die behoeftes van sy kind.

Filippense 4:19 “En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus.”

✓ ‘n Goeie pa leer en onderrig sy kind.

Johannes 14:26 “maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.”

✓ ‘n Goeie pa tugtig sy kind.

Hebreërs 12:5-11



Met jou geestelike geboorte het jy ook ‘n nuwe natuur/geaardheid ontvang.

 Jy het nou twee geaardhede:

1. Die ou natuur/ geaardheid = Fisies & sondig.

2. Die nuwe natuur/ geaardheid = Geestelik & volkome

Efesiërs 4:22-24 “²²dat julle, wat die vorige lewenswandel betref, die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, ²³en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed ²⁴en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.”

Kolossense 3:5-10 ⁴“Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, *naamlik* hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, ⁶waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom, ⁷waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef het. ⁸Maar nou moet julle ook dit alles aflê, *naamlik* toorn, woede, boosheid, laster, skandelijke taal uit julle mond. ⁹Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het ¹⁰en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper”



FAQ...

1. Sal ek nog sonde doen nodat ek gered is?

Romeine 7

2. Hoe sal dit my verhouding met God verander?

Hebreërs 12:5-11

3. Wat moet ek doen as ek sondig?

1 Johannes 1:6-10

Spreuke 28:13

NOTAS

This image shows a single sheet of white paper with horizontal blue ruling lines. The lines are evenly spaced and run across the width of the page. There are no margins, text, or other markings on the paper.

Les #1

(Motiveer jou antwoorde met 'n proeffeks so vër moontlik)



Word 'n mens gebore as 'n sondaar of ontstaan jou sondige natuur eers een of ander stadium na jou geboorte?



Hoe word 'n mens deel van die familie van God?



Gee vyf maniere waarop 'n gelowige se verhouding met God soos 'n aardse pa en sy kind s'n is.

1. _____
2. _____
3. _____
4. _____
5. _____



Verduidelik die twee geaardhede wat 'n kind van God besit.

1. _____

2. _____



Wat sal die rede wees hoekom die een natuur/ geaardheid die andere kan oorweldig?



Wanneer 'n kind van God kies om voor te gaan om te sondig, wat kan hy/ sy verwag dat God gaan doen?
